

12 April

Filippense 4:2-9, (Teks: 4:7)

Beskerming en vrede

God seën sy volk so: "Die Here sal julle seën en julle beskerm" (Nm. 6:24). Hy staan in 'n verbondsverhouding met Israel (Eks 19:5-6) en belowe dat Hy sy volk sal beskerm (Ps. 12:1). Jy kan jouself nie beskerm vir onheile en gevare nie. "As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat beskerm tevergeefs" (Ps. 127:1). Wie na Jerusalem gaan om die seën van die Here te ontvang nadat die soenoffer gebring is, staan onder voortdurende beskerming en bewaking van God. Petrus skryf dat daar 'n dubbele bewaringsdiens is. Die erfgename word onderweg na die erfenis bewaar, en intussen word die erfenis ook in die hemel "in bewaring gehou" (1 Pet 1:4). "Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus" (Fil. 4:7). Vrede sien op God se heilsdaad in Christus. Ons verstand sal nooit daartoe in staat wees om lewe en toekoms so te oorsien en te beheers dat dit ons innerlike angste kan breek nie. Daarvoor is die wonder van die vrede wat God gee nodig. Vrede beteken dat die mens in 'n herstelde, 'n versoende verhouding met God lewe. Wie met God verbind is deur die kruis, het vrede met God. Hierdie vrede is die wag wat waak oor die uitverkore kind. Die vrede wat gekom het deur die bloed van Christus, is daagliks van praktiese waarde, want daagliks word jy daardeur beskerm en bewaak.

Sing: Psalm 4:4

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)